

4 September

Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-15

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 12

Die vyande van die kerk

“Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie,” sê ons dikwels (Ef 6:12), maar gaan dan rustig voort om al ons aandag te gee aan die stryd om gesondheid en veiligheid, finansies en beheer én interpersoonlike vetes en bekgevegte.

Miskien moet ons ons 'n slag goed verantwoord oor ons WARE situasie. Rndom jou is elke dag 'n geweldige groot leër van vyande; die duivel en sy bose geeste. Hulle is professionele moordenaars en het geen ander doel as om jou lewe te verwoes nie. Nie net jou aardse lewe nie, maar veral ook jou ewige lewe is in hulle visier. Wat meer sê, is dat hierdie leër van magtige vyande totaal onsigbaar is! Ons is werklik soos blindes reg in die middel van 'n mynfeld.

Hoe oorleef blinde mense as hulle sulke vyande het? Al uitweg is om 'n vennoot te kry wat kan sien. In Christus het ons meer as so 'n vennoot. Hy sien nie net ons vyande nie, Hy verslaan hulle ook, neem hulle gevange en ontwapen hulle (vers 15).

Bly daar nou nog 'n stryd oor? Ja, maar nie in die eerste plek 'n stryd om die bose opnuut te verslaan nie. Dit het Christus klaar op Golgota gedoen. Ons stryd is nou om in VERBONDENHEID met Christus te bly lewe. Let op hoe die woord “verbondenheid” vier keer in ons Skrifgedeelte genoem word (verse 6, 10, 11, 12). Stry daarom elke dag hard om elke deel van jou lewe deur 'n vaste geloof in Hom te wortel en op Hom te bou (vers 7)! Vervang só vrees met dankbaarheid en weet dat jy by Hom veilig is (vers 7).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~